WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
11 MAART 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

14 Maart Seniorafsluiting 09:00
19 Maart Doopgesprekke vir April
21 Maart Basaar en Pretloop
25 Maart Paassangdiens met die Ensemble

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
Kapel 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
Kerk 17:30
Ds Ferreira Marais

Eredienste 18 Maart

Kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ds Ferreira Marais
Kapel 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
Kerk 17:30
Ds Hettie Wessels

SENIORS

Silwerhoekie
Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het vir die Jumble Sale. Ons het sowat R18 000 ingesamel! Eerskomende Dinsdag die 13de ontspan ons in die Kapel met 'n stukkie humor. Ons kyk 10:00 na die fliek "Liewe hemel, Genis!" Bring julle eie springmielies, grondboontjies of lekkers, asook water of 'n koeldrankie vir die dors. Nooi julle vriende saam, besoekers is baie welkom!

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

Donderdae

- Jakaranda Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Donderdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Ds Hettie Wessels (083 254 6833) of Piet Pretorius (072 502 8009)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707 of Ds Ferreira Marais by 072 804 0621. Ons is op die oomblik besig met die Alpha Kursus, jy is welkom om steeds by ons aan te sluit om 19:00 Woensdag.

JEUG

Peuterkerk (0 – 3 jaar)
Hervat weer in die 2de kwartaal.
KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00 (geen tydens Gesinsdienste)
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 08:00 & 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6
Jonk-X (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Hettie Wessels 083 254 6833

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Marie van Aarde 082 399 3494
Linda le Roux 083 283 5121

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging

- Nadine de Klerk sukkel met haar gesondheid en kry drie-dubbele chemoterapie en bestraling is eers gestaaak. Haar nommer is 082 773 0822.
- Tannie Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Gené Brits ontvang behandeling vir Devic's Sindroom Haar ma, Renette, se nommer is 083 232 5837.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha ontvang bestraling en dit gaan beter. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Oom Ernst de Vries is oorgeplaas na 'n rehabilitasiesentrum. Hy kry ook gereeld dialise. Sy nommer is 082 346 2536.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752. Sy broer, Jan wat 'n sendeling in Mosambiek is, is ook gediagnoseer met Melanoomkanker en het begin met chemoterapie.
- Willie Visagie is gediagnoseer met kanker en het begin met behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.

Ander

- Ons is saam met Inge en Jarryd Wickham bly oor klein Jaydon Adriaan se geboorte! Ons bid saam met hulle dat hy vinnig sal sterk word en huistoe kan gaan.
- Rita Rheeder was vir 'n prosedure. Bid asseblief vir haar. Haar nommer is 073 410 2672.
- Christo Bezuidenhout se pa is baie ernstig siek. Ons dink aan die gesin. Christo se nommer is 082 327 6575.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

www.GetSnapScan.com
ng kerk weltevreden

Snapscan
Gebruik SnapScan vir:
- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Ons het 'n nuwe selgroepleier, indien jy by 'n nuwe groep wil aansluit, kontak asb vir Ds Hettie.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Dagboek solank die volgende belangrike datums vir die volgende kwartaal:

19 April	Twilight Trot Fun Run/Walk
27 April	Mosambiek-uitreik
10 Mei	Hemelvaart
13 Mei	Moedersdag
14 Mei	Pinkster
22 Mei	Omgee-gholfdag
17 Junie	Vadersdag
20 Junie	Projekte-aand met Kevin Leo

Kan jy help met broodjies?

Ons is op soek na mense wat ons kan help met broodjies vir begrafnisse. Indien jy ons nou en dan kan help, kontak asb vir Christa by die kerkkantoor op 011 475 5510.

Mandeladag 2018

18 Julie is Mandeladag en ons wil graag weer serpe en beanies uitdeel vir die minderbevoorregtes in ons gemeenskap. As jy 'n kranige breier is of selfs 'n beginner, wil ons vra dat jy solank begin brei of hekel vir ons projek. Ons sal later meer inligting deurgee.

Peuterkerk

Ons beplan om weer in die 2de kwartaal met die Peuterkerk te begin. Die Peuterkerk is vir 0 tot 3 jariges en ons wil vra dat as jy van hierdie diens gebruik wil maak en ook bereid is om 'n diensbeurt te neem, jy vir Ilze sal kontak by 082 789 0621.

Ons het jou nodig!

Die basaar vind plaas op Woensdag 21 Maart en ons benodig skenkings, donasies, hulp met voorbereidings as- ook op die dag, handwerk, gebak, poeding, items vir die witolifanttafel en meer.

Ons gaan hierdie jaar ook 'n "vintage bazaar" stalletjie hê en ons vra dat julle asb vir ons items sal skenk, veral vintage klere, skoene, handsakke, juwele, ens.

Ons benodig groot asb nog die volgende skenkings vir die basaar:

Kontant
150kg bees maalvleis
3kg klapper
Blatjang
85kg wors
10 L tamatiesous

100kg Snowflake meel
600 eiers
45 L olie
4 L asyn
1kg kaneel
Poeding (gebak)
Koeke, terte
Jellie
Vla
2 000 blikkies koeldrank
Stroop

Sit asb jou naam op die elektroniese lys wat uitgestuur is.

Andersins, kontak asb vir Ds Hettie as jy wil help, items kan by die kerkkantoor afgegee word, duidelik gemerk dat dit vir die basaar is.

GEMEENTEBRIEF
Maart 2018

So stadig maar seker begin ons weer regmaak vir die winter om aan te breek. Kortbroeke en rompies word al hoe meer verruil vir langbroeke en sykouse. Tog is ons klimaat ook so onvoorspelbaar; soms kry ons koue reënerige dae in die somer en warm sonskyndae in die winter.

Is dit nie ook maar so in die lewe nie, daar is sekere "reëls" waarvolgens ons lewe, maar dit is nooit 'n waarborg dat onvoorsiene dinge nie gaan gebeur nie. Die beste en mees liefdevolle mense kry onverwags siektes, goeie en gesonde ouers sit laat aande wakker met 'n kind wat net nie wil ophou huil nie, getroue en eerlike werknemers word skielik afgedank, hierdie lys kan baie lank aangegaan.

Die spanning lê tussen wat ons weet en wat ons nie weet nie. Die spanning lê ook tussen kort- en langtermyn ervarings. Ons weet meestal nie wat die redes vir teëspoed in ons lewens is nie, maar as ons baie gelukkig is, dan vind ons soms later uit wat van die redes kon wees. (Ek glo ons gaan eendag intieme gesprekke met ons hemelse Vader hê oor die dinge wat in ons lewens oor ons pad gekom het.)

Die waarheid, waarvan menigte ouer mense sal getuig, is dat God goed is en bly. Net omdat daar deur die loop van ons lewens onverwagte dinge gebeur, beteken nie dat God ons verlaat het nie. Dit beteken ook nie dat hy ons straf omdat ons iets verkeerd gedoen het nie. Die lewe gebeur. Almal gaan deur goeie en deur slegte tye en almal gaan eendag sterf.

Sommige mense het wel baie moeiliker paaie as ander en hopelik sal ons eendag daarop antwoorde kry. As gemeente is die bediening van teenwoordigheid baie belangrik. Sonder om goedkoop

antwoorde vir mekaar te gee, word ons geroep om net teenwoordig te wees in ander mense se swaar tye.

Jesus sê, in Matteus 22:37-39, dat die belangrikste twee gebooie is om God en jou medemens lief te hê. Jesus het baie opsies gehad vir hierdie antwoord, Hy kon oor reëls en gehoorsaamheid gepraat het, of korrekte maniere van aanbidding, maar Hy kies om liefde die belangrikste te maak. Om mense lief te hê, volgens Matteus 25:40, is om God lief te hê. Laat ons dan Sy hande en voete vir mekaar en ander wees.

Ferreira Marais